# GOVERNMENT GAZETTE

## OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **50c** Plaaslik
Other countries 70c Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 268

CAPE TOWN, 23 OCTOBER 1987

KAAPSTAD, 23 OKTOBER 1987

No. 11006


STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 2382. 23 October 1987

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 99 of 1987: Fire Brigade Services Act, 1987.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 2382. 23 Oktober 1987

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 99 van 1987: Wet op Brandweerdienste, 1987.

# ACT

**To provide for the establishment, maintenance, employment, co-ordination and standardization of fire brigade services; and for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 15 October 1987.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "Administrator", in relation to a controlling authority, means the Administrator as defined in the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986), of the province in which the area of the relevant controlling authority is situated, and where that area falls within two or more provinces, the Administrator of the province in which the biggest portion of that area falls, acting after consultation with the Administrator of the province, or Administrators of the provinces, in which the rest of that area is situated; (ii)

(ii) "area" means—

*(a)* in relation to a service of a local authority, the area of jurisdiction of that local authority, excluding any demarcated area contemplated in section 4 (4); and

*(b)* in relation to a designated service, the demarcated area contemplated in section 4 (4) of that designated service; (vi)

(iii) "Board" means the Fire Brigade Board established by section 2; (x)

(iv) "chief fire officer" means the person in charge of a service as contemplated in section 5; (iv)

(v) "controlling authority" means a local authority in control of a service which complies with the prescribed requirements or the person in control of a designated service; (iii)

(vi) "designated service" means a service recognized by the Minister under section 4; (i)

(vii) "equipment" means a vehicle, or any other apparatus, intended to be used by a service in the performance of its functions; (xi)

(viii) "local authority" means an institution or body contemplated in section 84 (1) *(f)* of the Provincial Government Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), and includes—

*(a)* a board of management or board as defined in section 1 of the Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 (Act No. 9 of 1987);

# WET

**Om voorsiening te maak vir die instelling, instandhouding, aanwending, koördinering en standaardisering van brandweerdienste; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 15 Oktober 1987.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "aangewese diens" 'n diens wat kragtens artikel 4 deur die Minister erken is; (vi)

(ii) "Administrateur", met betrekking tot 'n beherende gesag, die Administrateur soos omskryf in die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986), van die provinsie waarin die gebied van die betrokke beherende gesag geleë is, en waar daardie gebied binne twee of meer provinsies val, die Administrateur van die provinsie waarin die grootste gedeelte van daardie gebied val, handelende na oorleg met die Administrateur van die provinsie, of Administrateurs van die provinsies, waarin die res van daardie gebied geleë is; (i)

(iii) "beherende gesag" die plaaslike owerheid in beheer van 'n diens wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen of die persoon in beheer van 'n aangewese diens; (v)

(iv) "brandweerhoof" die persoon in bevel van 'n diens soos beoog in artikel 5; (iv)

(v) "diens" 'n brandweerdiens wat bedoel is om aangewend te word vir—

(*a*) die voorkoming van die uitbreek of verspreiding van 'n brand;

(*b*) die bestryding of blus van 'n brand;

(*c*) die beskerming van lewe of eiendom teen brand of ander dreigende gevaar;

(*d*) die red van lewe of eiendom van 'n brand of ander gevaar;

(*e*) behoudens die bepalings van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet No. 63 van 1977), die lewering van 'n ambulansdiens as 'n integrerende deel van die brandweerdiens; of

(*f*) die verrigting van enige ander funksie wat in verband staan met enige van die aangeleenthede in paragrawe (*a*) tot (*e*) bedoel; (xii)

(vi) "gebied"—

(*a*) met betrekking tot 'n diens van 'n plaaslike owerheid, die regsgebied van daardie plaaslike owerheid, uitgesonderd 'n afgebakende gebied beoog in artikel 4 (4); en

(b) a regional services council established under section 3 of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985);

(c) a local authority as defined in section 1 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act No. 102 of 1982); or

(d) a local government body established by virtue of the provisions of section 30 (2) *(a)* of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927); (ix)

(ix) "material" means water or any other substance consumed by a service in fighting or extinguishing a fire; (vii)

(x) "Minister" means the Minister of Constitutional Development and Planning; (viii)

(xi) "prescribe" or "prescribed" means prescribe or prescribed by regulation under section 15; (xii)

(xii) "service" means a fire brigade service intended to be employed for—

*(a)* preventing the outbreak or spread of a fire;

*(b)* fighting or extinguishing a fire;

*(c)* the protection of life or property against a fire or other threatening danger;

*(d)* the rescue of life or property from a fire or other danger;

*(e)* subject to the provisions of the Health Act, 1977 (Act No. 63 of 1977), the rendering of an ambulance service as an integral part of the fire brigade service; or

*(f)* the performance of any other function connected with any of the matters referred to in paragraphs *(a)* to *(e)*; (v)

Fire Brigade Board.

**2.** (1) There is hereby established a board known as the Fire Brigade Board, to perform the functions assigned to it in terms of this Act.

(2) The Board shall consist of—

*(a)* One person designated by the Minister, who shall be the chairman;

*(b)* four persons designated by the South African Fire Services Institute;

*(c)* three persons designated by the Co-ordinating Council established by section 2 of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act No. 91 of 1983);

*(d)* one person designated by the Director-General: Mineral and Energy Affairs to represent the petrochemical industries;

*(e)* one person designated by the Director-General of the South African Bureau of Standards;

*(f)* one person designated by the President of the Council for Scientific and Industrial Research;

*(g)* one person designated by the Chief of the South African Defence Force;

*(h)* one person designated by the Director-General: Transport;

*(i)* one person designated by the General Manager of the South African Transport Services;

*(j)* one person designated by the Director-General: Finance;

*(k)* one town clerk designated by the Institute of Town Clerks of Southern Africa;

*(l)* one person designated jointly by the four provincial secretaries of the provinces; and

*(m)* not more than three persons designated by the Minister.

(3) The quorum for and the procedure at a meeting of the Board shall be determined by the Board.

(4) The administrative work arising from the performance of the functions of the Board under this Act shall be performed by

(b) met betrekking tot 'n aangewese diens, die afgebakende gebied beoog in artikel 4 (4) van daardie aangewese diens; (ii)

(vii) "materiaal" water of enige ander stof wat deur 'n diens by die bestryding of blus van 'n brand verbruik word; (ix)

(viii) "Minister" die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning; (x)

(ix) "plaaslike owerheid" 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) *(f)* van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en ook—

*(a)* 'n bestuursraad of raad soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet No. 9 van 1987);

*(b)* 'n streeksdiensteraad ingestel kragtens artikel 3 van die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985);

*(c)* 'n plaaslike owerheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet No. 102 van 1982); of

*(d)* 'n plaaslike bestuursliggaam ingestel uit hoofde van die bepalings van artikel 30 (2) *(a)* van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927); (viii)

(x) "Raad" die Brandweerraad ingestel by artikel 2; (iii)

(xi) "toerusting" 'n voertuig, of enige ander apparaat, wat bedoel is om gebruik te word deur 'n diens by die verrigting van sy werksaamhede; (vii)

(xii) "voorskryf", "voorgeskryf" of "voorgeskrewe" by regulasie kragtens artikel 15 voorskryf, voorgeskryf of voorgeskrewe. (xi)

Brandweerraad.

**2.** (1) Hierby word 'n raad wat die Brandweerraad heet, ingestel om die werksaamhede te verrig wat ingevolge hierdie Wet aan hom opgedra word.

(2) Die Raad bestaan uit—

*(a)* een persoon deur die Minister aangewys, wat die voorsitter is;

*(b)* vier persone deur die Suid-Afrikaanse Brandweerinstituut aangewys;

*(c)* drie persone deur die Koördinerende Raad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet No. 91 van 1983), aangewys;

*(d)* een persoon deur die Direkteur-generaal: Mineraal en Energiesake aangewys om die petrochemiese nywerhede te verteenwoordig;

*(e)* een persoon deur die Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde aangewys;

*(f)* een persoon deur die President van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad aangewys;

*(g)* een persoon deur die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag aangewys;

*(h)* een persoon deur die Direkteur-generaal: Vervoer aangewys;

*(i)* een persoon deur die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste aangewys;

*(j)* een persoon deur die Direkteur-generaal: Finansies aangewys; en

*(k)* een stadsklerk deur die Instituut van Stadsklerke van Suidelike Afrika aangewys;

*(l)* een persoon deur die vier provinsiale sekretarisse van die provinsies gesamentlik aangewys; en

*(m)* hoogstens drie persone deur die Minister aangewys.

(3) Die kworum vir, en die prosedure by, 'n vergadering van die Raad word deur die Raad bepaal.

(4) Die administratiewe werk wat voortspruit uit die verrigting van die werksaamhede van die Raad word verrig deur beamptes

officers designated by the Chief: Constitutional Development Services for that purpose.

(5) *(a)* The Board may establish a committee to perform such functions as may be assigned to it by the Board.

*(b)* The Board shall designate a member of a committee so established as chairman of that committee.

(6) The Board may allow any member of a committee established under subsection (5) who is not a member of the Board to attend any meeting of the Board at which any matter relating to a function assigned to that committee is dealt with and may allow such member to take part in the proceedings at such meeting.

(7) A member of the Board, or of a committee referred to in subsection (5), who is not in the full-time employment of the State may, out of money appropriated by Parliament for that purpose, in respect of his services as a member of the Board or committee, as the case may be, be paid such remuneration and allowances as the Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, determine.

Services of local authorities.

**3.** (1) A local authority may establish and maintain a service in accordance with the prescribed requirements.

(2) The Administrator may, after consultation with the Board and the local authority concerned, direct a local authority—

*(a)* to maintain a service which it has established; or

*(b)* to establish and maintain a service,

in accordance with the prescribed requirements.

(3) A service contemplated in this section shall be employed inside its area, unless it is requested, or in terms of an agreement contemplated in section 12 obliged, to be employed outside its area.

Designated services.

**4.** (1) A service which does not fall under the control of a local authority may, in the prescribed manner, apply to the Minister to be recognized as a designated service.

(2) If the Minister after consultation with the Board is satisfied that the service referred to in subsection (1) complies with the prescribed requirements, he may recognize the service as a designated service subject to such conditions as he may determine.

(3) *(a)* If the Minister after consultation with the Board is of the opinion that circumstances exist at a place which require that there should be a service which complies with the prescribed requirements, the Minister may direct the person (including a department of State) who in the opinion of the Minister is responsible for those circumstances—

(i) to maintain a service which it has established; or

(ii) to establish and maintain a service,

in accordance with the prescribed requirements, and such a service may under subsection (2) be recognized as a designated service.

*(b)* (i) A department of State shall not be directed in terms of paragraph *(a)* without the concurrence of the Minister responsible for that department of State.

(ii) Any other person shall not be directed in terms of paragraph *(a)* unless the Board has consulted with the person concerned.

(4) A designated service shall be employed inside the area demarcated for it by the Minister after consultation with the Board, unless it is obliged in terms of an agreement contemplated in section 12 to be employed outside that area.

(5) The Minister may, after consultation with the Board which has consulted with the controlling authority, withdraw a recognition contemplated in subsection (2).

Chief fire officer.

**5.** (1) A controlling authority shall appoint a person who possesses the prescribed qualifications and experience, as chief fire officer to be in charge of its service.

(2) A person who immediately prior to the commencement of

vir dié doel deur die Hoof: Staatkundige Ontwikkelingsdiens aangewys.

(5) *(a)* Die Raad kan 'n komitee aanstel om die werksaamhede te verrig wat die Raad aan hom opdra.

*(b)* Die Raad wys 'n lid van 'n komitee wat aldus aangestel is, as voorsitter van daardie komitee aan.

(6) Die Raad kan 'n lid van 'n komitee kragtens subartikel (5) aangestel wat nie 'n lid van die Raad is nie toelaat om 'n vergadering van die Raad waarop 'n aangeleentheid behandel word wat betrekking het op 'n werksaamheid wat aan daardie komitee opgedra is, by te woon en kan so 'n lid toelaat om aan die verrigtinge van daardie vergadering deel te neem.

(7) 'n Lid van die Raad, of van 'n komitee bedoel in subartikel (5), wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie kan uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig ten opsigte van sy dienste as lid van die Raad of komitee, na gelang van die geval, die besoldiging en toelaes betaal word wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

Dienste van plaaslike owerhede.

**3.** (1) 'n Plaaslike owerheid kan 'n diens ooreenkomstig die voorgeskrewe vereistes instel en in stand hou.

(2) Die Administrateur kan, na oorleg met die Raad en die betrokke plaaslike owerheid, 'n plaaslike owerheid gelas—

*(a)* om 'n diens wat hy ingestel het, in stand te hou; of

*(b)* om 'n diens in te stel en in stand te hou,

ooreenkomstig die voorgeskrewe vereistes.

(3) 'n Diens beoog in hierdie artikel word binne sy gebied aangewend, tensy hy versoek word, of ingevolge 'n ooreenkoms beoog in artikel 12 verplig is, om buite sy gebied aangewend te word.

Aangewese dienste.

**4.** (1) 'n Diens wat nie onder die beheer van 'n plaaslike owerheid val nie kan op die voorgeskrewe wyse by die Minister aansoek doen om as 'n aangewese diens erken te word.

(2) Indien die Minister na oorleg met die Raad oortuig is dat 'n diens bedoel in subartikel (1) aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, kan hy die diens as 'n aangewese diens erken onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal.

(3) *(a)* Indien die Minister na oorleg met die Raad van oordeel is dat daar op 'n plek omstandighede bestaan wat vereis dat daar 'n diens moet wees wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, kan die Minister die persoon (met inbegrip van 'n Staatsdepartement) wat na die oordeel van die Minister vir daardie omstandighede verantwoordelik is, gelas—

(i) om 'n diens wat hy ingestel het, in stand te hou; of

(ii) om 'n diens in te stel en in stand te hou,

ooreenkomstig die voorgeskrewe vereistes, en so 'n diens kan kragtens subartikel (2) as 'n aangewese diens erken word.

*(b)* (i) 'n Staatsdepartement word nie ingevolge paragraaf *(a)* gelas sonder die instemming van die Minister verantwoordelik vir daardie Staatsdepartement nie.

(ii) 'n Ander persoon word nie ingevolge paragraaf *(a)* gelas nie tensy die Raad met die betrokke persoon oorleg gepleeg het.

(4) 'n Aangewese diens word binne die gebied wat vir hom deur die Minister na oorleg met die Raad afgebaken is, aangewend, tensy hy ingevolge 'n ooreenkoms beoog in artikel 12 verplig is om buite daardie gebied aangewend te word.

(5) Die Minister kan, na oorleg met die Raad wat met die betrokke beherende gesag oorleg gepleeg het, 'n erkenning beoog in subartikel (2) intrek.

Brandweerhoof.

**5.** (1) 'n Beherende gesag moet 'n persoon wat oor die voorgeskrewe kwalifikasies en ondervinding beskik, as brandweerhoof aanstel om in bevel van sy diens te wees.

(2) 'n Persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van

this Act was in the service of a local authority as a chief fire officer in terms of a law which is repealed by this Act shall be deemed to have been appointed in terms of subsection (1).

Members of service.

**6.** (1) A controlling authority may appoint any person who possesses the prescribed qualifications and experience, as a member of its service to perform such functions as may be assigned to him by the chief fire officer: Provided that a controlling authority may, after due consideration of the peculiar circumstances of a specific case, appoint any person who does not possess the prescribed qualifications and experience as a member of its service subject to the general conditions determined by the Board.

(2) A person who immediately prior to the commencement of this Act was employed as a member of a service of a local authority in terms of a law which is repealed by this Act, shall be deemed to have been appointed in terms of subsection (1).

Training institutions.

**7.** (1) The Minister may after consultation with the Training Board established by section 2 of the Local Government Training Act, 1985 (Act No. 41 of 1985), and the Board which has consulted with the service or other institution concerned—

*(a)* by notice in the *Gazette* declare such a service or other institution as a training institution at which the prescribed qualifications of a chief fire officer or a member of a service may be obtained; and

*(b)* take such steps or cause such steps to be taken as he may deem necessary or expedient for the proper control, management and development of, or for the extention of the training facilities at, such training institution.

(2) Whenever a member of a service with the approval of his employer attends a course at such training institution, that employer shall pay to the training institution the costs of such attendance according to a tariff determined by the training institution concerned.

Powers of members of service.

**8.** (1) A member of a service of a controlling authority, including a chief fire officer, may, whenever he regards it necessary or expedient in order to perform his functions, perform any act, and may also—

*(a)* close any street;

*(b)* enter or break and enter any premises;

*(c)* damage, destroy or pull down any property;

*(d)* forcibly remove or cause to be removed from the scene any person who is in danger or who obstructs that member in the performance of his duties; and

*(e)* take material or any object from any person:

Provided that the owner of the material or object so taken shall be compensated therefor by the controlling authority concerned to an amount agreed upon by the controlling authority and the owner, or in the absence of such agreement, an amount determined by arbitration in accordance with the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965).

(2) A member of a service of a controlling authority, including a chief fire officer, may, whenever he regards it necessary in order to perform his functions, order any inhabitant of the Republic who is not younger than 16 years and not older than 60 years to assist him in the performance of his functions on any particular occasion.

Salvaging of movable property.

**9.** (1) A chief fire officer may in the performance of his functions salvage, or remove and place in safe custody, any movable property which in his opinion is in danger.

(2) Any costs incurred by or at the request of a chief fire officer for the purposes contemplated in subsection (1), may be recovered from the owner or possessor of the property in ques-

hierdie Wet as 'n brandweerhoof in diens van 'n plaaslike owerheid was ingevolge 'n wet wat deur hierdie Wet herroep word, word geag ingevolge subartikel (1) aangestel te wees.

Lede van diens.

**6.** (1) 'n Beherende gesag kan 'n persoon wat oor die voorgeskrewe kwalifikasies en ondervinding beskik, as 'n lid van sy diens aanstel om die werksaamhede te verrig wat die brandweerhoof aan hom opdra: Met dien verstande dat 'n beherende gesag, na behoorlike oorweging van die eiesoortige omstandighede van 'n bepaalde geval, 'n persoon wat nie oor die voorgeskrewe kwalifikasies en ondervinding beskik nie as 'n lid van sy diens kan aanstel onderworpe aan die algemene voorwaardes wat die Raad bepaal.

(2) 'n Persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingevolge 'n wet wat deur hierdie Wet herroep word as 'n lid van 'n diens van 'n plaaslike owerheid in diens was, word geag ingevolge subartikel (1) aangestel te wees.

Opleidingsinrigtings.

**7.** (1) Die Minister kan, na oorleg met die Opleidingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Plaaslike Owerheidsopleiding, 1985 (Wet No. 41 van 1985), en die Raad wat met die betrokke diens of ander instelling oorleg gepleeg het—

*(a)* by kennisgewing in die *Staatskoerant* so 'n diens of ander instelling tot 'n opleidingsinrigting verklaar waarby die voorgeskrewe kwalifikasies van 'n brandweerhoof of 'n lid van 'n diens verwerf kan word; en

*(b)* die stappe doen of laat doen wat hy nodig of dienstig ag vir die behoorlike beheer, bestuur en ontwikkeling van, of vir die uitbreiding van die opleidingsfasiliteite by, so 'n opleidingsinrigting.

(2) Wanneer 'n lid van 'n diens met die goedkeuring van sy werkgewer 'n kursus by so 'n opleidingsinrigting bywoon, moet daardie werkgewer aan die opleidingsinrigting die koste vir sodanige bywoning betaal ooreenkomstig 'n tarief wat die betrokke opleidingsinrigting bepaal.

Bevoegdhede van lede van diens.

**8.** (1) 'n Lid van 'n diens van 'n beherende gesag, met inbegrip van 'n brandweerhoof, kan, wanneer hy dit nodig of dienstig ag ten einde sy werksaamhede te verrig, enige handeling verrig, en kan ook—

*(a)* enige straat sluit;

*(b)* enige perseel binnegaan of oopbreek en binnegaan;

*(c)* enige eiendom beskadig, vernietig of sloop;

*(d)* enige persoon wat in gevaar verkeer, of wat daardie lid by die uitvoering van sy pligte belemmer, met geweld van die toneel verwyder of laat verwyder; en

*(e)* materiaal of enige voorwerp van enige persoon neem:

Met dien verstande dat die eienaar van die materiaal of voorwerp wat aldus geneem is deur die betrokke beherende gesag daarvoor vergoed moet word met 'n bedrag waaromtrent daar tussen die beherende gesag en die eienaar ooreengekom word, of by ontstentenis van sodanige ooreenkoms, 'n bedrag wat deur arbitrasie ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965), bepaal word.

(2) 'n Lid van 'n diens van 'n beherende gesag, met inbegrip van 'n brandweerhoof, kan, wanneer hy dit nodig ag ten einde sy werksaamhede te verrig, enige inwoner van die Republiek wat nie jonger as 16 jaar en nie ouer as 60 jaar is nie beveel om hom behulpsaam te wees met die verrigting van sy werksaamhede by 'n bepaalde geleentheid.

Berging van roerende eiendom.

**9.** (1) 'n Brandweerhoof kan by die verrigting van sy werksaamhede enige roerende goed wat na sy oordeel in gevaar verkeer, berg of verwyder en in veilige bewaring plaas.

(2) Enige koste wat deur of op versoek van 'n brandweerhoof vir die doeleindes beoog in subartikel (1) aangegaan is, kan op die eienaar of besitter van die betrokke goed verhaal word, en

tion, and the controlling authority concerned has a lien on that property for the payment of those costs.

(3) If the costs referred to in subsection (2) are not paid within 30 days, or such longer period as may be determined by the controlling authority concerned, after that authority—

*(a)* served a written request for payment thereof on the owner or possessor in question; or

*(b)* if that owner or possessor cannot be traced, remitted such request by registered post to his last known address or published such request in both official languages in a newspaper circulated in the area concerned,

the controlling authority may sell the property in question by public auction and shall apply the proceeds thereof for the defrayal of those costs, while any balance shall on application be reimbursed to the owner or possessor in question.

(4) If no application for reimbursement of the balance is made within one year after the public auction referred to in subsection (3), that balance shall be forfeited to the controlling authority concerned.

(5) A certificate purporting to be signed by a chief fire officer and in which it is certified that the costs specified therein have been incurred for the purposes contemplated in subsection (1) shall on production thereof in a court of law be *prima facie* proof of the costs referred to in subsection (2).

(6) If the owner or possessor of movable property which in terms of subsection (1) has been salvaged or removed does not claim such property within 30 days after the controlling authority has made known in both official languages in a newspaper circulated in the area concerned that such property has been placed in safe custody, that controlling authority may sell the property concerned by public auction and apply the proceeds thereof for the defrayal of any costs incurred while any balance shall be employed by the controlling authority in respect of the maintenance of its service.

Fees.

**10.** (1) A controlling authority may, subject to any condition contemplated in section 11 (2) *(a)*, determine the fees payable by a person on whose behalf the service of the controlling authority is applied—

*(a)* for the attendance of the service;

*(b)* for the use of the service and equipment; or

*(c)* for any material consumed.

(2) A person on whose behalf, in the opinion of the chief fire officer concerned, a service of a controlling authority has been employed, may in writing be assessed by that chief fire officer for the payment of the fees referred to in subsection (1) or any portion thereof.

(3) Any person who feels aggrieved by an assessment contemplated in subsection (2) may within 14 days after receipt of that assessment object in writing against that assessment as such or the amount thereof to the controlling authority concerned.

(4) As soon as an objection contemplated in subsection (3) is received the chief executive officer of the controlling authority concerned shall without delay obtain written comment thereon from the chief fire officer and submit it together with the objection to the controlling authority, which may confirm, alter or revoke the assessment.

(5) A certificate purporting to be signed by a chief fire officer and in which it is certified that the assessment specified therein was made under subsection (2), shall on production thereof in a court of law be *prima facie* proof of the amount payable by the person mentioned therein.

Grants-in-aid.

**11.** (1) Subject to subsections (2) and (3), the Administrator may, after consultation with the Board, from money appropriated by Parliament for the purpose, pay a grant-in-aid calculated on the prescribed basis to any controlling authority in respect of the establishment or maintenance of its service.

(2) A grant-in-aid contemplated in subsection (1)—

die betrokke beherende gesag het 'n retensiereg op daardie goed vir die betaling van daardie koste.

(3) Indien die koste bedoel in subartikel (2) nie betaal word nie binne 30 dae, of die langer tydperk deur die betrokke beherende gesag bepaal, nadat daardie gesag—

(a) 'n skriftelike versoek om betaling daarvan aan die betrokke eienaar of besitter beteken het; of

(b) indien daardie eienaar of besitter nie opgespoor kan word nie, sodanige versoek per aangetekende pos aan sy laaste adres bekend gestuur het of sodanige versoek in albei amptelike tale in 'n nuusblad wat in die betrokke gebied versprei word, gepubliseer het,

kan die beherende gesag die betrokke goed op 'n openbare veiling verkoop en moet hy die opbrengs daarvan aanwend ter delging van daardie koste, terwyl enige balans op aansoek aan die betrokke eienaar of besitter terugbetaal moet word.

(4) Indien geen aansoek om terugbetaling van die balans binne een jaar na die veiling bedoel in subartikel (3) gedoen word nie, word daardie balans aan die betrokke beherende gesag verbeur.

(5) 'n Sertifikaat wat heet onderteken te wees deur 'n brandweerhoof en waarin gesertifiseer word dat die daarin vermelde koste vir die doeleindes beoog in subartikel (1) aangegaan is, is by oorlegging daarvan in 'n geregshof *prima facie*-bewys van die koste bedoel in subartikel (2).

(6) Indien die eienaar of besitter van enige roerende goed wat ingevolge subartikel (1) geberg of verwyder is, nie binne 30 dae nadat 'n beherende gesag in albei amptelike tale in 'n nuusblad wat in die betrokke gebied versprei word, bekendgemaak het dat sodanige goed in veilige bewaring geplaas is, sodanige goed opeis nie, kan daardie beherende gesag die betrokke goed op 'n openbare veiling verkoop en die opbrengs daarvan aanwend ter delging van enige koste aangegaan, terwyl enige balans deur die beherende gesag aangewend moet word vir die instandhouding van sy diens.

Gelde.

**10.** (1) 'n Beherende gesag kan, behoudens enige voorwaarde beoog in artikel 11 (2) *(a)*, die gelde bepaal wat deur 'n persoon ten behoewe van wie die diens van die beherende gesag aangewend word, betaalbaar is—

*(a)* vir die bywoning van die diens;

*(b)* vir die gebruik van die diens en toerusting; of

*(c)* vir enige materiaal wat verbruik word.

(2) 'n Persoon ten behoewe van wie 'n diens van 'n beherende gesag na die oordeel van die betrokke brandweerhoof aangewend is, kan skriftelik deur daardie brandweerhoof vir die betaling van die gelde bedoel in subartikel (1) of 'n gedeelte daarvan aangeslaan word.

(3) 'n Persoon wat hom veronreg ag deur 'n aanslag beoog in subartikel (2) kan binne 14 dae na ontvangs van daardie aanslag skriftelik by die betrokke beherende gesag beswaar aanteken teen daardie aanslag as sodanig of die bedrag daarvan.

(4) Sodra 'n beswaar beoog in subartikel (3) ontvang word, moet die hoof- uitvoerende beampte van die betrokke beherende gesag onverwyld skriftelike kommentaar daarop van die brandweerhoof verkry en dit tesame met die beswaar voorlê aan die beherende gesag, wat die aanslag kan bekragtig, wysig of intrek.

(5) 'n Sertifikaat wat heet deur 'n brandweerhoof onderteken te wees en waarin gesertifiseer word dat die daarin vermelde aanslag kragtens subartikel (2) gedoen is, is by oorlegging daarvan in 'n geregshof *prima facie*-bewys van die bedrag wat deur die daarin vermelde persoon betaalbaar is.

Hulptoelaes.

**11.** (1) Behoudens subartikels (2) en (3) kan die Administrateur, na oorleg met die Raad, uit geld wat die Parlement vir die doel bewillig 'n hulptoelae wat op die voorgeskrewe grondslag bereken word, betaal aan 'n beherende gesag ten opsigte van die instelling of instandhouding van sy diens.

(2) 'n Hulptoelae beoog in subartikel (1)—

(a) shall be paid subject to the prescribed conditions and the further conditions determined by the Administrator after consultation with the Board in any particular case; and

(b) shall not be paid unless any local authority produces proof to the Administrator that the local authority does not discriminate in its service between its employees on the basis of sex, race, colour or religion.

(3) A controlling authority which receives a grant-in-aid in terms of this section shall submit annually to the Provincial Secretary of the province from which the grant-in-aid is received—

(a) in the form and manner and before or on a date determined by the said Provincial Secretary, an estimate of expenditure in respect of its service for the ensuing financial year for approval by the Administrator; and

(b) before or on 30 September or such later date as the said Provincial Secretary may determine, a written statement certified by the treasurer of the controlling authority and specifying—

(i) the actual expenditure incurred in respect of its service during the immediately preceding financial year;

(ii) the actual income received in respect of its service during the financial year referred to in subparagraph (i); and

(iii) such further information as the Provincial Secretary may require.

Agreements.

**12.** (1) Subject to any condition contemplated in section 11 (2) *(a)* a controlling authority may, with a view to the more efficient employment of its service, conclude a written agreement—

*(a)* with any other controlling authority in terms of which the parties undertake to co-operate on the conditions as may be agreed upon; or

*(b)* with any other person in terms of which the controlling authority undertakes to make available its service to that person, or in terms of which that person undertakes to make available his material or equipment to the controlling authority.

(2) A controlling authority may under subsection (1) undertake to employ its service inside or outside its area or inside or outside the province in which its area is situated.

Minister may authorize persons.

**13.** The Minister may, after consultation with the Board, by notice in the *Gazette* declare that a category of persons in the service of the State or a controlling authority may by virtue of their offices perform the prescribed functions in order to ensure that the objects of this Act are achieved.

Urgent cases.

**14.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, the Minister or his deputy may, in any case where in his opinion urgent action is necessary in the public interest—

*(a)* order any person, including a controlling authority, to make available his service, or equipment or material under his control, to a particular service or to employ it in a particular way; or

*(b)* order any person who manufactures equipment or material to manufacture particular equipment or material within a particular period.

(2) A person who has acted in terms of an order referred to in subsection (1), shall be compensated therefor by the Minister to an amount agreed upon between the Minister and the person concerned, or in the absence of such agreement, an amount determined by arbitration in accordance with the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1956).

(a) word betaal onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes en die verdere voorwaardes wat die Administrateur na oorleg met die Raad in 'n bepaalde geval bepaal; en

(b) word nie betaal nie tensy 'n plaaslike owerheid aan die Administrateur bewys lewer dat die plaaslike owerheid nie in sy diens tussen sy werknemers op die grondslag van geslag, ras, kleur of godsdiens diskrimineer nie.

(3) 'n Beherende gesag wat 'n hulptoelae ingevolge hierdie artikel ontvang, moet jaarliks aan die Provinsiale Sekretaris van die provinsie van wie die hulptoelae ontvang word—

(a) in die vorm en op die wyse en voor of op 'n datum wat bedoelde Provinsiale Sekretaris bepaal, 'n begroting van uitgawes ten opsigte van sy diens vir die daaropvolgende boekjaar voorlê vir goedkeuring deur die Administrateur; en

(b) voor of op 30 September of die latere datum wat die Provinsiale Sekretaris bepaal, 'n skriftelike verklaring wat deur die tesourier van die beherende gesag gesertifiseer is, voorlê waarin uiteengesit word—

(i) die werklike uitgawes ten opsigte van sy diens gedurende die onmiddellik voorafgaande boekjaar aangegaan;

(ii) die werklike inkomste ten opsigte van sy diens gedurende die boekjaar in subparagraaf (i) bedoel, ontvang; en

(iii) die verdere inligting wat die Provinsiale Sekretaris verlang.

Ooreenkomste.

**12.** (1) Behoudens enige voorwaarde beoog in artikel 11 (2) *(a)* kan 'n beherende gesag met die oog op die meer doeltreffende aanwending van sy diens 'n skriftelike ooreenkoms aangaan—

(a) met 'n ander beherende gesag waarvolgens die partye onderneem om op die voorwaardes waaromtrent ooreengekom word, saam te werk; of

(b) met enige ander persoon waarvolgens die beherende gesag onderneem om sy diens aan daardie persoon beskikbaar te stel, of waarvolgens daardie persoon onderneem om sy materiaal of toerusting aan die beherende gesag beskikbaar te stel.

(2) 'n Beherende gesag kan kragtens subartikel (1) onderneem om sy diens binne of buite sy gebied of binne of buite die provinsie waarin sy gebied geleë is, aan te wend.

Minister kan persone magtig.

**13.** Die Minister kan, na oorleg met die Raad, by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat 'n kategorie van persone in diens van die Staat of 'n beherende gesag uit hoofde van hul ampte die voorgeskrewe werksaamhede kan verrig ten einde te verseker dat die oogmerke van hierdie Wet bereik word.

Dringende gevalle.

**14.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet kan die Minister of sy gevolmagtigde in enige geval waar dringende optrede na sy mening in die openbare belang nodig is—

(a) enige persoon, met inbegrip van 'n beherende gesag, beveel om sy diens, of toerusting of materiaal onder sy beheer, aan 'n bepaalde diens beskikbaar te stel of om dit op 'n bepaalde wyse aan te wend; of

(b) enige persoon wat toerusting of materiaal vervaardig, beveel om bepaalde toerusting of materiaal binne 'n bepaalde tydperk te vervaardig.

(2) 'n Persoon wat ingevolge 'n bevel bedoel in subartikel (1) opgetree het, moet daarvoor vergoed word deur die Minister met 'n bedrag waaromtrent daar tussen die Minister en die betrokke persoon ooreengekom word, of by ontstentenis van sodanige ooreenkoms, 'n bedrag wat deur arbitrasie ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965), bepaal is.

Regulations.

**15.** (1) The Minister may, after consultation with the Board, make regulations which are not contrary to this Act or any other law—

*(a)* regarding any matter which may or shall be prescribed in terms of this Act;
*(b)* regarding the organization and procedure for the employment of a service of a controlling authority;
*(c)* regarding the uniforms, insignia and identification of members of a service of a controlling authority;
*(d)* regarding the safety requirements to be complied with on premises in order to reduce the risk of a fire or other danger, or to facilitate the evacuation of the premises in the event of such danger;
*(e)* regarding the use, manufacture, storage or transportation of explosives, fireworks, petroleum or any other inflammable or combustible substance or gas;
*(f)* regarding the specifications and standards with which the equipment and material of a service shall comply; and
*(g)* regarding any matter which he may deem necessary or expedient in order to achieve the objects of this Act.

(2) A regulation regarding the qualifications and experience of a chief fire officer, and of a member of a service, of a controlling authority which is a department of State, shall not be made without consultation with the Minister responsible for the department of State concerned.

(3) The Minister may after consultation with the Board incorporate in the regulations any code of practice issued under section 18 of the Standards Act, 1982 (Act No. 30 of 1982), by means of a mere reference to particulars by which it can be identified, and thereafter the code of practice shall in so far as it is not repugnant to this Act be deemed to be part of the regulations.

(4) *(a)* A regulation contemplated in this section shall not be made before the proposed regulation has been published in the *Gazette* together with a notice calling upon interested persons to lodge any objections they may have against it in writing to the Minister within the period mentioned therein and that period has expired.
*(b)* The provisions of paragraph *(a)* shall not apply to any amendment effected by the Minister with the concurrence of the Board to the proposed regulations as a result of objections received in terms of that paragraph.

(5) A regulation made under this section may, in respect of a contravention thereof or a failure to comply therewith, provide for a punishment of a fine not exceeding R10 000 or of imprisonment for a period not exceeding 12 months.

By-laws.

**16.** (1) A local authority may, after consultation with the Board, and subject to the provisions of any law applicable to the local authority in relation to the promulgation of by-laws, make by-laws which are not contrary to any law, for its area of jurisdiction regarding any matter which it may deem necessary or expedient in order to employ its service effectively.

(2) The Administrator may after consultation with the Board make by-laws which are not contrary to any law, regarding any matter referred to in subsection (1), and such by-laws shall apply in the area of jurisdiction of every local authority in the province concerned in so far as they are applicable and not inconsistent with the by-laws of the local authority concerned.

(3) A by-law contemplated in subsection (1) or (2) may in respect of a contravention thereof or failure to comply therewith provide for a punishment of a fine not exceeding R5 000 or of imprisonment for a period not exceeding six months.

Regulasies.

**15.** (1) Die Minister kan, na oorleg met die Raad, regulasies wat nie met hierdie Wet of enige ander wet strydig is nie uitvaardig—

*(a)* betreffende enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word;

*(b)* betreffende die organisasie en prosedure vir die aanwending van 'n diens van 'n beherende gesag;

*(c)* betreffende die uniforms, rangtekens en identifikasie van lede van 'n diens van 'n beherende gesag;

*(d)* betreffende die veiligheidsvereistes wat op 'n perseel nagekom moet word ten einde die risiko van 'n brand of ander gevaar te verminder, of ontruiming van die perseel in die geval van sodanige gevaar te vergemaklik;

*(e)* betreffende die gebruik, vervaardiging, opberging of vervoer van plofstowwe, vuurwerke, petroleum of enige ander ontvlambare of brandbare stof of gas;

*(f)* betreffende die spesifikasies en standaarde waaraan die toerusting en materiaal van 'n diens moet voldoen; en

*(g)* betreffende enige aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) 'n Regulasie betreffende die kwalifikasies en ondervinding van 'n brandweerhoof, en van 'n lid van 'n diens, van 'n beherende gesag wat 'n Staatsdepartement is, word nie uitgevaardig sonder oorleg met die Minister verantwoordelik vir die betrokke Staatsdepartement nie.

(3) Die Minister kan na oorleg met die Raad 'n gebruikskode uitgereik kragtens artikel 18 van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet No. 30 van 1982), by wyse van 'n blote verwysing na besonderhede waardeur dit geïdentifiseer kan word, by die regulasies inlyf, en daarna word die gebruikskode vir sover dit nie met hierdie Wet strydig is nie geag deel van die regulasies te wees.

(4) *(a)* 'n Regulasie beoog in hierdie artikel word nie uitgevaardig nie alvorens die voorgestelde regulasie in die *Staatskoerant* gepubliseer is tesame met 'n kennisgewing waarby belanghebbendes versoek word om binne die daarin vermelde tydperk enige besware wat hulle daarteen mag hê skriftelik by die Minister in te dien en daardie tydperk verstryk het.

*(b)* Die bepalings van paragraaf *(a)* is nie van toepassing op enige wysiging wat deur die Minister met die instemming van die Raad aan die voorgestelde regulasies aangebring word as gevolg van besware wat ingevolge daardie paragraaf ontvang is nie.

(5) 'n Regulasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig, kan ten opsigte van 'n oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen 'n straf bepaal van 'n boete van hoogstens R10 000 of van gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

Verordeninge.

**16.** (1) 'n Plaaslike owerheid kan, na oorleg met die Raad, en behoudens enige wetsbepalings wat op die plaaslike owerheid van toepassing is met betrekking tot die afkondiging van verordeninge, verordeninge wat nie met die een of ander wet strydig is nie vir sy regsgebied uitvaardig betreffende enige aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag ten einde sy diens effektief aan te wend.

(2) Die Administrateur kan na oorleg met die Raad verordeninge wat nie met die een of ander wet strydig is nie uitvaardig betreffende enige aangeleentheid bedoel in subartikel (1), en sodanige verordeninge is van toepassing in die regsgebied van elke plaaslike owerheid in die betrokke provinsie vir sover dit toepaslik is en nie met die verordeninge van die betrokke plaaslike owerheid onbestaanbaar is nie.

(3) 'n Verordening beoog in subartikel (1) of (2) kan ten opsigte van 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen 'n straf bepaal van 'n boete van hoogstens R5 000 of van gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Failure to comply with requirements.

**17.** (1) If a person, including a local authority and a department of State, fails to comply with a requirement, standard or direction determined or issued under this Act or the regulations contemplated in section 15, the Administrator may by written notice direct a local authority, and the Minister may by written notice direct any other person, to comply with the requirement, standard or direction within the period mentioned therein.

(2) If such a person fails to give effect to such a notice, the Administrator or Minister, as the case may be, may cause steps to be taken in order to comply with the requirement, standard or direction on behalf of the person concerned and to recover the costs in connection therewith from that person.

(3) A direction referred to in subsection (1) shall not be issued before consultation with the local authority or person concerned, as the case may be.

Enforcement of provisions.

**18.** (1) A chief fire officer may at any reasonable time enter any premises in the area of the controlling authority concerned in order to determine whether the provisions contemplated in sections 15 (1) *(a)*, *(d)*, *(e)* and *(g)* and 16 are being complied with.

(2) If the chief fire officer finds that such provisions are not being complied with, he may issue to the owner of those premises a written instruction to comply with the provisions in question within the period mentioned therein.

(3) If an instruction contemplated in subsection (2) is not carried out within the period mentioned therein, the controlling authority concerned may cause the necessary steps to be taken in order to comply with the provisions in question on behalf of the owner concerned and to recover the costs in connection therewith from the owner.

(4) For the purposes of this section "owner" means the registered owner of the premises or in relation to a sectional title scheme, the body corporate established in terms of the Sectional Titles Act, 1986 (Act No. 95 of 1986).

Delegation.

**19.** (1) A chief fire officer may—

*(a)* delegate any power granted to him by or under this Act, the regulations contemplated in section 15 or the by-laws contemplated in section 16, excluding the power referred to in this section, to a member of the service concerned; and

*(b)* grant authority that a duty so assigned to him may be performed by such a member.

(2) A power so delegated and a duty so authorized shall be exercised or performed subject to the directions of the chief fire officer, who may at any time withdraw such delegation or authority.

(3) A delegation under subsection (1) *(a)* does not prevent the chief fire officer from exercising the power in question himself.

Indemnity.

**20.** Subject to the proviso to paragraph *(e)* of section 8 (1), a controlling authority, chief fire officer or member of a service of a controlling authority or an inhabitant referred to in section 8 (2) shall not be liable for any damage or loss as a result of bodily injury, loss of life or loss of or damage to property which is caused by or arises out of or in connection with anything done or performed *bona fide* in the exercise or performance of a power, function or duty conferred or imposed in terms of this Act, the regulations contemplated in section 15 or the by-laws contemplated in section 16.

Offences.

**21.** Any person who—

*(a)* intentionally resists or obstructs a member of a service, including a chief fire officer, in the exercise of his powers referred to in section 8 (1);

*(b)* refuses or fails to comply with an order contemplated in section 14 (1);

Versuim om aan vereistes te voldoen.

**17.** (1) Indien 'n persoon, met inbegrip van 'n plaaslike owerheid en 'n Staatsdepartement, versuim om 'n vereiste, standaard of lasgewing na te kom wat by of kragtens hierdie Wet of die regulasies beoog in artikel 15 bepaal of uitgereik is, kan die Administrateur by skriftelike kennisgewing 'n plaaslike owerheid gelas, en kan die Minister by skriftelike kennisgewing 'n ander persoon gelas, om binne die daarin vermelde tydperk die vereiste, standaard of lasgewing na te kom.

(2) Indien so 'n persoon versuim om aan so 'n kennisgewing gevolg te gee, kan die Administrateur of Minister, na gelang van die geval, stappe laat doen om die vereiste, standaard of lasgewing ten behoewe van die betrokke persoon na te kom en om die koste in verband daarmee op daardie persoon te verhaal.

(3) 'n Lasgewing in subartikel (1) bedoel, word nie uitgereik nie voor oorleg met die betrokke plaaslike owerheid of persoon, na gelang van die geval.

Afdwinging van bepalings.

**18.** (1) 'n Brandweerhoof kan te eniger redelike tyd enige perseel in die gebied van die betrokke beherende gesag binnegaan ten einde te bepaal of die bepalings beoog in artikels 15 (1) *(a), (d), (e)* en *(g)* en 16 nagekom word.

(2) Indien die brandweerhoof bevind dat sodanige bepalings nie nagekom word nie, kan hy aan die eienaar van daardie perseel 'n skriftelike opdrag uitreik om binne die daarin vermelde tydperk aan die betrokke bepalings te voldoen.

(3) Indien 'n opdrag beoog in subartikel (2) nie binne die daarin vermelde tydperk uitgevoer word nie kan die betrokke beherende gesag die nodige stappe laat doen om ten behoewe van die betrokke eienaar aan die betrokke bepalings te voldoen en om die koste in verband daarmee op die eienaar te verhaal.

(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken "eienaar" die geregistreerde eienaar van die perseel, of met betrekking tot 'n deeltitelskema, die regspersoon ingestel ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986).

Delegering.

**19.** (1) 'n Brandweerhoof kan—

*(a)* enige bevoegdheid aan hom verleen by of kragtens hierdie Wet, die regulasies beoog in artikel 15 of die verordeninge beoog in artikel 16, uitgesonderd die bevoegdheid bedoel in hierdie artikel, aan 'n lid van die betrokke diens delegeer; en

*(b)* magtiging verleen dat 'n plig wat aldus aan hom opgedra word, deur so 'n lid verrig word.

(2) 'n Bevoegdheid wat aldus gedelegeer is en 'n plig wat aldus gemagtig is, moet uitgeoefen of verrig word onderworpe aan die voorskrifte van die brandweerhoof, wat te eniger tyd sodanige delegering of magtiging kan intrek.

(3) 'n Delegering kragtens subartikel (1) *(a)* belet nie die brandweerhoof om self die betrokke bevoegdheid uit te oefen nie.

Vrywaring.

**20.** Behoudens die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(e)* van artikel 8 (1) is 'n beherende gesag, brandweerhoof of lid van 'n diens van 'n beherende gesag of 'n inwoner bedoel in artikel 8 (2) nie aanspreeklik nie vir enige skade of verlies as gevolg van liggaamlike besering, lewensverlies of verlies van of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur of ontstaan uit of in verband met enigiets wat *bona fide* gedoen of verrig word in die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig verleen of opgelê ingevolge hierdie Wet, die regulasies beoog in artikel 15 of die verordeninge beoog in artikel 16.

Misdrywe.

**21.** Iemand wat—

*(a)* 'n lid van 'n diens, met inbegrip van 'n brandweerhoof, by die uitoefening van sy bevoegdhede bedoel in artikel 8 (1) opsetlik weerstaan of belemmer;

*(b)* weier of versuim om 'n bevel beoog in artikel 14 (1) na te kom;

(*c*) refuses or fails to carry out an instruction contemplated in section 18 (2) within the period mentioned therein; or

(*d*) summons a service while he knows that there is no reason to do so,

shall be guilty of an offence, and on conviction liable to a fine not exceeding R10 000 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months.

Repeal of laws and savings.

**22.** (1) The laws specified in the Schedule are hereby repealed to the extent indicated in the third column of the Schedule.

(2) A regulation or by-law made under a law repealed by subsection (1) and which deals with a matter referred to in section 15 (1) or 16 (1) of this Act, shall be deemed to have been made under the relevant section of this Act.

Short title.

**23.** This Act shall be called the Fire Brigade Services Act, 1987.

**Schedule**

| No. and year of law | Title | Extent of repeal |
|---|---|---|
| Ordinance No. 18 of 1977, of the Transvaal | Ordinance on Fire Brigade Services | The whole |
| Ordinance No. 2 of 1978, of the Orange Free State | Ordinance on Fire Brigade Services | The whole |
| Ordinance No. 14 of 1978, of the Cape of Good Hope | Ordinance on Fire Brigade Services | The whole |
| Ordinance No. 31 of 1978, of Natal | Ordinance on Fire Brigade Services | The whole |
| Ordinance No. 9 of 1979, of the Orange Free State | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 14 of 1979, of the Transvaal | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 8 of 1980, of the Cape of Good Hope | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 12 of 1980, of Natal | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 14 of 1981, of the Cape of Good Hope | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 22 of 1982, of Natal | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 15 of 1983, of the Transvaal | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Ordinance No. 12 of 1984, of the Orange Free State | Fire Brigade Services Amendment Ordinance | The whole |
| Act No. 102 of 1982 | Black Local Authorities Act | Item 30 (*c*) of Schedule |

(*c*) weier of versuim om 'n opdrag beoog in artikel 18 (2) binne die daarin vermelde tydperk na te kom; of

(*d*) 'n diens ontbied terwyl hy weet dat daar geen rede bestaan om dit te doen nie,

is skuldig aan 'n misdryf, en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

Herroeping van wette en voorbehoude.

**22.** (1) Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep vir sover in die derde kolom van die Bylae aangedui.

(2) 'n Regulasie of verordening uitgevaardig kragtens 'n wet wat by subartikel (1) herroep word, en wat handel oor 'n aangeleentheid bedoel in artikel 15 (1) of 16 (1) van hierdie Wet word geag kragtens die betrokke artikel van hierdie Wet uitgevaardig te wees.

Kort titel.

**23.** Hierdie Wet heet die Wet op Brandweerdienste, 1987.

## Bylae

| No. en jaar van wet | Titel | In hoeverre herroep |
|---|---|---|
| Ordonnansie No. 18 van 1977, van Transvaal | Ordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 2 van 1978, van die Oranje-Vrystaat | Ordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 14 van 1978, van die Kaap die Goeie Hoop | Ordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 31 van 1978, van Natal | Ordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 9 van 1979, van die Oranje-Vrystaat | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel. |
| Ordonnansie No. 14 van 1979, van Transvaal | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 8 van 1980, van die Kaap die Goeie Hoop | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 12 van 1980, van Natal | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 14 van 1981, van die Kaap die Goeie Hoop | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 22 van 1982, van Natal | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 15 van 1983, van Transvaal | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Ordonnansie No. 12 van 1984, van die Oranje-Vrystaat | Wysigingsordonnansie op Brandweerdienste | Die geheel |
| Wet No. 102 van 1982 | Wet op Swart Plaaslike Owerhede | Item 30 (*c*) van Bylae |

PRINTED BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—BB4828/13550
GEDRUK DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—BB4828/13550